education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**100 1 H**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

   AFDELING A: Leesbegrip
   AFDELING B: Opsomming
   AFDELING C: Taal

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Nommer die vrae in die middel van die bladsy en laat 'n reël oop tussen die antwoorde.

6. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

7. Skryf netjies en leesbaar met blou of swart ink.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die tekste aandagtig deur en beantwoord die vrae:

**TEKS A:**

**DIE LAASTE STUKKIE DISTRIK SES HOU ASEM OP**

1. 'n Plek van liefde, het sommige dit genoem. 'n Plek van samesyn, waar velkleur en geloof nie saak gemaak het nie; 'n plek van kulturele vermenging; 'n plek waar die gees van *kanala* (om mekaar in tye van nood te help) geheers het.

2. 'Wat die Distrik onderskei het van die talle ander gevestigde gemeenskappe wat deur die Groepsgebiedewet ontwortel is, was dat dit 'n spirituele hartland geword het, die simboliese tuiste van daardie ryk en uiteenlopende mengsel van rasse en nasionaliteite wat die grootste segment van die Moederstad se bevolking uitgemaak het,' sê dr. Omar.

3. Maar 'die Distrik' was ook 'n plek, weet ons nou, wat weens sy talle vervalle geboue 'n krotbuurt genoem is en wat deur sommiges beskou is - ten regte of verkeerdelik - as die broeiplek van allerhande maatskaplike euwels soos bendes en prostitusie.

4. Díe distrik is in Februarie 1966, nou veertig jaar gelede, ingevolge die destydse Groepsgebiedewet as 'n wit gebied verklaar en is agterna gesloop tot omtrent net moskees en kerke – en die sestien huisies onderkant die oostelike boulevard – daarvan oorgebly het. 'n Hele gemeenskap is tot niet gemaak.

5. En nou gaan die sestien skakelhuisies wat algemeen aanvaar word as die laaste oorspronklike deel van ou Distrik Ses dalk in die slag bly, maar hierdie keer is dit nie die staat wat die huise van die inwoners wil wegneem nie, hierdie keer is dit geld wat praat.

6. Die waarheid is dat oorle' Essop Mohammed Omar se agt seuns aan wie hy die huise ná sy dood bemaak het, nie tot 'n vergelyk kan kom nie.

7. Dr. Omarjee Omar het glo besluit om die huise te verkoop en die geld dan tussen die broers te verdeel. 'n Nuwe ontwikkeling wat uit 78 eenhede gaan bestaan, word glo reeds op die terrein beplan, maar dit is nie 'n uitgemaakte saak dat die verkope sal voortgaan nie. 'Dit was nie my pa se wens dat die huise verkoop moet word nie; dit moet vir die familie behoue bly,' sê Essop, wat saam met twee ander broers sy pa gehelp het om die huise af te betaal. 'Jy kan tog nie geskiedenis sloop nie.'

8. Toegegee, maar die moontlike verkope is nie die enigste gevaar wat die inwoners in die gesig staar nie. Die ander probleem is dat die huise bra vervalle voorkom.

[Verwerk uit: *Rapport*, 6 Mei 2006]

1.1 Wat beteken die uitdrukking 'hou asem op' in die opskrif? (1)

1.2 Wat beteken die woord '*kanala'* in paragraaf 1? (1)

1.3 Wat het Distrik Ses anders gemaak as ander gemeenskappe wat deur die Groepsgebiedewet ontwortel is? (2)

1.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies:

Paragraaf 3 gee ? **(positiewe/negatiewe)** beskrywing van Distrik Ses.

Kies EEN woord om jou antwoord mee te bewys. (2)

1.5 Waarom, dink jy, is die moskees en kerke (paragraaf 4) nie gesloop nie? (1)

1.6 Wat beteken 'oorle' (paragraaf 6)? (1)

1.7 Watter twee bedreigings is daar tans vir Distrik Ses? (2)

1.8 Wat is die doel van die leesstuk en wie is die teikengroep? (2)

**EN**

**TEKS B**

# Stop, stop – dis die spietkop-opskop!

1. Enigiets is moontlik in Johannesburg. Maar jy verwag nie 'n ou met wit handskoene aan wat 'n *moonwalk* doen in Bedfordview se strate nie.
2. Dis 'n boomryke buurt aan die oostekant van die stad. Heel stil en stemmig ook, behalwe daar by die T-aansluiting waar Boeing en Civin bymekaar uitkom. Hier staan Caiphus Ubisi en hou sy lyf Michael Jackson tussen die motors. En hy glimlag so breed dat jy sy tande van ver sien.
3. Sonder sy flitsende handskoene sou daar chaos geheers het by hierdie T-aansluiting.
4. Maar waar ander verkeersmense met sulke stywe arms en gepunte vingers wys jy moet stop of ry, doen dié 38-jarige pa van drie dit met 'n bietjie humor en styl.
5. Caiphus kon nege jaar geen vaste werk kry nie, maar toe gebeur iets wat sy lewe verander het.
6. 'Op 'n dag sien ek in Boksburg hoe word 'n verstandelik gestremde seuntjie omgery. Hy is net daar langs die pad dood. En net daar het ek besluit ek wil verkeersman word.'
7. In 1998 het hy deeltydse werk gekry by die verkeersdepartement. Ná net 21 dae is hy vas aangestel en vyf jaar later is hy 'n instelling in Bedfordview.
8. Bedfordview se Rotariërs het hom 'n sertifikaat gegee omdat hy met sy vrolike aanslag 'n verskil maak in die lewe van die inwoners.
9. Die kroon is gespan toe hy deur 'n advertensieman raakgesien is.
10. 'Ek het die perfekte ou vir Kelloggs se graanvlokkie-advertensie,' het hy vir sy kantoor laat weet. 'Hy is die toonbeeld van 'n goeie môre.'
11. Die res is geskiedenis. Miljoene mense sien hoe doen Caiphus sy Michael Jackson-ding in die verkeer in Kellogg's se TV-advertensie.
12. Kinders vra hul ouers om te stop sodat hulle Caiphus se handtekening kan kry.
13. Caiphus wil graag sy slag gaan wys by druk verkeerspunte in veraf plekke waarvan hy nog net gehoor het.
14. Plak hom neer in die middel van New York met sy kwaai motorryers en 'n mens wonder wat sal gebeur.
15. Maar dan sal ons hom verloor. En ons wil nie.
16. Die man is volksbesit.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 8 April 2004]

1.9 Dui aan of die eerste sin van die leesstuk 'n feit of 'n mening is. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.10 Waarna verwys 'Boeing' en 'Civin' (paragraaf 2)? (1)

1.11 Wat word bedoel met 'hou sy lyf Michael Jackson tussen die motors' (paragraaf 2)? (1)

1.12 Skryf uit paragraaf 4 TWEE eienskappe neer wat Caiphus anders maak as gewone verkeersmanne. Haal slegs TWEE woorde aan. (2)

1.13 Watter gebeurtenis het Caiphus laat besluit om 'n verkeersman te word? (1)

1.14 Skryf 'n woord uit paragrawe 7 – 8 neer wat dieselfde beteken as 'nie permanente'. (1)

1.15 Waarom hou motorryers van Caiphus? (1)

1.16 Watter erkenning het Caiphus volgens paragraaf 9 – 11 te beurt geval? (1)

1.17 Haal 'n frase uit paragraaf 9 – 11 aan wat beteken 'alles is oortref'. (1)

1.18 Lees paragraaf 12 en verduidelik dan wat kinders se siening van Caiphus is. (1)

1.19 Wat is die skrywer se houding teenoor Caiphus volgens paragraaf 15? (1)

1.20 Verklaar wat met die slotparagraaf bedoel word. (1)

**EN**

**TEKS C**




Uit: *Die Burger*, Mei 2006

1.21 Watter sosiale probleem word in bostaande spotprent uitgebeeld? (1)

1.22 Na wie verwys 'ons' in die spotprent? (1)

1.23 Watter gevoel ervaar die ma volgens die spotprent? (1)

1.24 Watter visuele bewyse wend die spotprenttekenaar aan om aan te dui dat die musiek baie hard is? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**INSTRUKSIES:**

- Lees die volgende teks aandagtig deur.
- Skryf die verkeerswenke vir fietsryers in SEWE sinne onder mekaar puntsgewys OF in EEN paragraaf neer.
- Gebruik slegs volsinne.
- Skryf aan die einde van die vraag die getal woorde wat jy gebruik het, neer.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 80 woorde gebruik.

**VEILIG OP PAD**

Kom ons kyk wat jy as fietsryer kan doen om ons paaie vir almal veilig te maak. Maak seker dat jou fiets altyd in 'n baie goeie toestand is en moenie langs mekaar ry nie, ry agter mekaar. Dra altyd 'n valhelm, omdat kopbeserings die oorsaak van baie fietsryers se dood is en jy dit kan voorkom deur 'n helm te dra. As jy een keer met 'n helm in 'n ongeluk was, is dit klaarpraat met die helm. Skaf liewer 'n nuwe helm aan. Dit is soveel veiliger.

Dra oogbeskerming sodat vuilis, klein goggatjies en die wind nie in jou oë beland nie. Dra weerkaatsende klere wanneer dit skemer raak of as dit 'n mistige dag is. Dit verseker dat motoriste jou maklik kan raaksien.

Maak seker dat jy die reëls van die pad ken en hou streng daarby. Sorg dat jy altyd saam met die verkeer en nooit teen die verkeer ry nie.

Stel motoriste vroegtydig in kennis wanneer jy links of regs wil draai. Gebruik handseine om dit te doen. Hou albei jou hande op die fiets se stuurstang, behalwe as jy moet aandui of jy links of regs wil draai.

Moet onder geen omstandighede jou fiets oorlaai deur vir jou maats 'n saamrygeleentheid te gee nie. Dit is baie gevaarlik, omdat jy dan nie volle beheer oor jou fiets het nie en julle albei baie seer kan kry indien daar iets onvoorsien gebeur. Om 'n fiets op die pad te ry, is 'n groot verantwoordelikheid en moet nie ligtelik opgeneem word nie. Jou eie veiligheid en die veiligheid van jou medepadgebruikers is van groot belang.

[*Bron onbekend*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3

**WONDERLIKE AFRIKA** (deur Dawid van Lill)

Het jy geweet daar is 53 lande in Afrika?

1. Jy kan in die boek iets oor elkeen gaan lees, van Algerië tot Zimbabwe – van die betekenis van elke land se naam, tot die hoofstede geskiedenis en feite wat van die boek amper 'n Afrika-weergawe van die *Guinness Book of World Records* maak.

2. Leer meer oor die klimaatstreke, grense, paaie, vlae, geldeenhede, regeringsvorme, minerale, etniese groepe, natuurlike en mensgemaakte verskynsels, die dierelewe, musiekinstrumente, spreekwoorde en gesegdes. Daar is ook pragtige volkleurfoto's en illustrasies om die feite toe te lig en 'n lys webtuistes waar jy meer inligting kan gaan soek.

3. 'n Mens kan amper nie glo die skrywer kon soveel feite op so 'n logiese, geordende manier in net 192 bladsye inprop. Hy het dit reggekry om my ure lank oor die boek te boei. Ek kon dit eenvoudig nie neersit nie. Ek het baie geleer!

4. Al klink R185 baie vir 'n sagtebandboek, is dit beslis elke sent werd as jy in ag neem hoeveel jy daaruit kan leer. Dis geskik vir die hele gesin, van 'n skoolhulpmiddel vir kinders en onderwysers tot 'n interRessante koffietafelboek vir ouers. Beslis 'n aanwins vir enige huishouding.

– Elmari Potgieter

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 21 April 2006]

3.1 Verander die eerste sin, wat 'n vraagsin is, in 'n stelsin. (1)

3.2 In Afrika woon Afrikane. Wat word die inwoners van Algerië genoem? (1)

3.3 'n Leesteken ontbreek in paragraaf 1. Korrigeer die fout deur die woord voor en ná die leesteken aan te dui en voeg die leesteken in. (1)

3.4 Gebruik die verkleinwoord van 'hoofstede' in 'n duidelike sin. (1)

3.5 Wat noem ons iemand wat 'n musiekinstrument bespeel? (1)

3.6 Herskryf die volgende sin in die infinitiewe (aanwysende) wyse:
Daar is 'n lys webtuistes <u>waar jy meer inligting kan gaan soek.</u> (1)

3.7 Gebruik 'inprop' (paragraaf 3) as twee afsonderlike woorde in 'n duidelike sin. (1)

3.8 Skryf die laaste sin van paragraaf 3 in die teenwoordige tyd. (1)

3.9 In paragraaf 3 is 'n voorsetsel verkeerd gebruik. Skryf die korrekte voorsetsel neer. (1)

3.10 In paragraaf 3 word die woord 'georden' gebruik. Skryf die woord oor en onderstreep die lettergreep wat die klem dra. (1)


3.11 Verbeter die ontkenningsfout in paragraaf 3. (1)

3.12 Gebruik 'leer' (paragraaf 3) se homoniem (woord met dieselfde spelvorm, maar 'n ander betekenis) in 'n duidelike sin. (1)

3.13 Elmari Potgieter gebruik woorde en frases om die leser te probeer oortuig (manipuleer) om dié boek te koop omdat sy van die boek hou. Skryf EEN so 'n frase uit paragraaf 4 neer. (1)

3.14 'Die skrywer gebruik illustrasies.' Brei hierdie sin uit met 'n byvoeglike bepaling by die onderwerp. (1)

3.15 In paragraaf 4 is 'n woord verkeerd gespel. Skryf die woord korrek neer. (1)




[Uit: *Dit*, Mei 2005]

3.16 'knarvars' word hier as intensiewe vorm vir 'vars' gebruik. Gee ook 'n ander intensiewe vorm vir 'vars'. (1)

3.17 Gee die intensiewe vorm vir 'soet'. (1)

3.18 Verbind 'soet' en 'sappig' met mekaar en gebruik die nuwe woord in 'n verklarende sin. (1)

3.19 Gee die idioom waarin 'appel' die kernwoord is, vir die volgende verklaring: Die kind aard na sy ouer. (1)

3.20 Verbuig 'vars' in 'knarvars' om die volgende sin te voltooi: Tru-Cape se rooi appels is vars, die groen appels is nog … en die geel appels is die heel … . (2)

3.21 Herskryf die eerste sin vanaf 'Tru-Cape' tot by 'heilsaamheid' in die ontkennende vorm. Vervang 'altyd' met 'n gepaste woord. (1)

3.22 Uit watter twee basisse (stamme) bestaan 'skuldgevoelens'? (1)

3.23 Noem EEN visuele tegniek wat die advertensie interessant maak as jy daarna kyk. (1)

3.24 Verduidelik die denotasie van 'kitskos' in die kop van die advertensie. (1)

**ONDERHOUD**

'Mnr. Jordaan,' se die regter in die skeihof, ' ek het jou saak die mees deeglikste oorweeg en besluit om jou se vrou elke maand R 3 000 te gee.'
' Dis baie gaaf, edelagbare,' antwoord die man. 'Ek sal darem ook probeer om vir haar so wan en dan 'n paar rant te stuur.'

[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 6 Junie 2006]

3.25 'n Skryftekenfout kom in die eerste sin voor. Skryf die woord, met die korrekte skryfteken, neer. (1)

3.26 Die oortreffende vorm in sin 1 is nie korrek nie. Skryf slegs die frase, met die korrekte oortreffende vorm, neer. (1)

3.27 Die voornaamwoord in sin 1 is nie korrek nie. Skryf slegs TWEE woorde neer om die sin reg te stel. (1)

3.28 Verbeter die uitdrukking in sin 3. Skryf slegs die korrekte uitdrukking neer. (1)

3.29 In die teks is 'n woord verkeerd gespel. Skryf die woord korrek neer. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou